

25 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 42:1-9

Fokusgedeelte: DL, 1:16

**Die leer oor die verwerping is tereg verskriklik, maar nie almal hoef dit te vrees nie!**

Die blote idee dat iemand vir ewig verlore kan gaan is “tereg verskriklik”, maar almal hoef dit nie te vrees nie. Die leer moet net gevrees word deur dié “wat God en die Verlosser, Jesus Christus, vergeet en hulle geheel en al aan wêreldse sorges en sondige begeertes oorgegee het.”

Mense wat in Jesus glo, maar wie se geloof nog swak is en wie se vertrouens nog klein is en wie se gewetens hulle nog aankla oor hulle sondeskuld, “moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie”. Hulle moet ook nie dink dat God hulle verwerp het nie, maar hulle moet voortgaan om te bid en die Bybel te lees en die Here te dien. Op sy tyd sal God aan hulle die vaste sekerheid gee dat hulle sy kinders is.

Hulle wat hulle graag tot God wil bekeer en wat graag van hulle sonde verlos wil word, maar wie se geloof nog nie so ver gegroei het as wat hulle graag sou wou hê nie, “behoort die leer van die verwerping nog minder te vrees.”

Ons verlossing is tog immers nie van ons afhanklik nie, maar van God se genade. Daarom kan ons vashou aan beloftes soos dié in Jesaja 42:3 waar daar van Jesus geprofeteer word: “Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie ...” en dié van Psalm 51:19: “Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal ’n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.”

Moet dus nie kyk of jou geloof al ver genoeg gegroei het sodat jy gered kan word nie. Nee, kyk of die begeerte in jou aanwesig is om die Here te dien en vertrou dan op God se groot genade in Jesus Christus!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~